NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

17 Maart 2025

VAN: Jianni Joubert
AAN: Gemeenteskribas

OMSENDSKRYWE 12/2025

Geagte broers en susters,

## ALMANAK 2026 INLIGTING EN LIDMAATTELLING FEBRUARIE 2025

Die opdatering van gemeente- en predikante-inligting asook lidmaattellings geskied met behulp van die e-Almanak-toepassing.

Gemeentes wat reeds oor ’n NHKA-Microsoft 365-lisensie en @nhk.co.za-e-posadres beskik, kan direk toegang verkry tot die toepassing via die skakel in hierdie e-pos.

Gemeentes wat nie oor ’n NHKA-Microsoft 365-lisensie beskik nie, word versoek om die e-Almanak-instruksieblad wat hierby aangeheg is, te volg.

Die Februarie-lidmaattelling strek vanaf 1 Maart 2024 tot 28 Februarie 2025. Hierdie inligting word gebruik vir die statistieke wat in die Almanak van 2026 gepubliseer word.

Let asseblief op die volgende:

- Lidmaattellings moet aanlyn voltooi word. Geen verouderde of pdf-dokumentasie sal aanvaar word nie, aangesien die data elektronies verwerk word. Daar is voorsiening gemaak vir die druk van die vorm nadat u dit voltooi het.
- Openingsyfers is altyd Februarie se eindsyfers en kan nie verander word nie.
- Aangeheg is ’n instruksieblad wat u stap vir stap kan volg.
- Hierdie getalle word NIE vir heffings gebruik NIE.
- Die sperdatum vir die indiening van u lidmaattelling asook die nagaan van gemeente-inligting is 30 April 2025. Let asseblief daarop dat verandering van gemeente-inligting enige tyd van die jaar aangebring kan word.
- U aandag word daarop gevestig dat indien hierdie inligting nie betyds ontvang is nie, die gegewens van die 2025 Almanak se opgawe oor Sensus en Statistiek (Februarie 2024) gebruik sal word.

Vir enige IT-ondersteuning, kontak asseblief vir mnr Wouter van der Merwe 012-653-4461,
(012 322 8885), 073-960-5305 of mev Jianni Joubert (061 310 0850 of 012 322 8885 x3026).

Dit is vir die Kerk en die gebruikers van die Almanak belangrik dat akkurate inligting in die boek gepubliseer word.

Baie dankie vir u dringende aandag aan hierdie belangrike saak.

Groete

Mev Jianni Joubert
Afdelingshoof: IT